

Donderdag 23 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 15:18-27

Fokusgedeelte: Johannes 15:18-27

Christofobie

Daar is baie fobies, een webwerf lys 100. Christofobie – ’n irrasionele vrees of haat vir Christene – het nie die lys gehaal nie. Tog is daar ’n groeiende vooroordeel teenoor Christene.

In Johannes 15:18-27 sê Jesus ons moenie verbaas wees as ons hierdie haat teëkom nie. Jesus het immers self hierdie haat beleef. Die haat het mense sover gebring om Hom te verneder, bespot en kruisig. Hy weet waarvan Hy praat. En dan sê Hy (vs 20) ons kan verwag om ook vervolgt te word – sy lewenspad loop immers deur ons lewe (vs 1-8) en ons is sy volgelingen en vriende (vs 9-17). Dit kan nie anders dat met ons gebeur wat met Hom gebeur het nie.

Jesus verduidelik waar hierdie haat vir Hom en sy naamgenote vandaan kom (vs 22-25): As Hy voor jou staan en jy jou in Hom spieël, sien jy jou sonde. Die helder lig van sy heerlijkheid en sy voorbeeld kla mens aan. Mens voel skuldig. My selfbeeld word ondermyn. Ek voel in my gewete aangespreek om my lewenspad te verander, maar ek wil nie. Hierdie proses is pynlik. Haters het ’n manier om hierdie pyn te vermy – neem die pyn, skakel dit om in haat, en sit dit op Jesus en sy volgelingen neer. Dan is my pyn hulle skuld en hoef ek niks daaraan te doen nie.

Maar Jesus leer ons ook hoe om in so ’n vyandige wêreld te leef (vs 26-27). Getuig! Vertel! Hoe sal ons weet wat om te sê? Die Gees sal ons voorsê wat in Jesus se hart is. Waaroor? Die waarheid. En hier is die kruis: In Johannes se Evangelie is “waarheid” meestal dat Jesus regtig gekom het om mense van hulle sonde te verlos. Dis waaroor ons getuig: “Ek is nie bang om my sonde in die oë te kyk nie. Daar is ’n heerlik bevrydende manier om van my pyn los te kom. By Jesus is daar vergewing, herstel, identiteit, ’n nuwe begin. Ek bly in Hom, eerder as in my pyn.” Christofobie is ’n geleentheid om fyn te luister. Waar wil U dat ek oor u heerlike verlossing getuig ...?

Sing: Psalm 124-1:4, Psalm 107-1:5-7

Ds. JP Fleischmann (Johan) (Kaapstad)